

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

BEDRYFSEKONOMIE SG

**OCTOBER / NOVEMBER 2005
OKTOBER / NOVEMBER 2005**

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

INSTRUKSIES:

- Beantwoord SES vrae, Vraag 1 (verpligtend) en enige VYF ander vrae.
 - Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
 - Netheid en die sistematisiese uiteensetting van feite is ? vereiste. Antwoorde moet, waar moontlik, puntsgewys wees.
 - Beplan die lengte van jou antwoorde in verhouding met die punte wat aan die vraag toegeken is.
 - Begin elke vraag op ? skoon bladsy en laat minstens ? reël oop tussen onderafdelings.
-
-

**VRAAG 1
VERPLIGTEND**

Kies slegs EEN korrekte antwoord vir elk van die volgende meervoudige keusevrae. Dui die korrekte antwoord aan deur ? kruisie (X) oor die toepaslike letter op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou antwoordboek te trek.

- 1.1 Die uitreik van standaardmerke om die gehalte van artikels aan te dui, asook die beheer oor hierdie merke, berus by _____.
- die Wetenskaplike- en Nywerheidsnavorsingsraad
 - die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
 - sakekamers
 - die Reserwebank
- 1.2 Watter een van die volgende ondernemings mag die publiek uitnooi om by te dra tot die eie kapitaal van die onderneming?
- Gencor Beperk
 - Ellergates TV Vervaardigers BK
 - Images (Edms.) Beperk
 - Van der Walt Prokureurs

1.3 Wat sal die vergoedingsbedrag in die volgende geval wees? Bates wat R60 000 werd is, word verseker teen die risiko van brand vir R100 000. ? Brand het R80 000 se skade veroorsaak.

- A. R36 000
- B. R48 000
- C. R60 000
- D. R30 000

1.4 Die maksimum hoeveelheid aandele (eie kapitaal) wat ? maatskappy mag uitreik, soos bepaal in die onderneming se grondwet, staan bekend as _____ kapitaal.

- A. bedryfs-
- B. ingeskreve
- C. geregistreerde / nominale
- D. vaste

1.5 Watter onderneming moet ontbind wanneer daar ? verandering in die ledetal is?

- A. Publieke maatskappy
- B. Beslote Korporasie
- C. Privaat maatskappy
- D. Venootskap

1.6 Faktorering van debiteure hou verband met _____.

- A. versekering
- B. afbetalingsverkoopooreenkomste
- C. oninbare skulde
- D. bruikhuur

1.7 Middelvlak-bestuurders neem hierdie tipe besluite.

- A. Taktiese
- B. Strategiese
- C. Bedryfsbestuur-
- D. Operasionele

1.8 Hierdie goedere word aangewend in die produksie van ander goedere.

- A. Uitsoekgoedere
- B. Geriefsgoedere
- C. Nywerheids- / kapitaalgoedere
- D. Verbruikersgoedere

1.9 ? Markvorm waar daar baie verskaffers van dieselfde produk is en die prys van die produk deur vraag en aanbod bepaal word.

- A. Monopolie
- B. Volmaakte mededinging
- C. Oligopolie
- D. Monopolistiese mededinging

1.10 Watter **een** van die volgende is ? bedryfsbate vir ? onderneming?

- A. Toerusting
- B. Krediteure
- C. Debiteure
- D. Geboue

1.11 Watter **voorkeuraandeel** moet jy besit om in die wins van die daaropvolgende jaar te deel indien die vorige jaar se wins te klein is?

- A. Kumulatiewe
- B. Gewone
- C. Deelnemende
- D. Aflosbare

1.12 Die koste wat nie direk aan ? bepaalde produk toegewys kan word nie, soos bv. huur, staan bekend as _____.

- A. veranderlike koste
- B. indirekte arbeidskoste
- C. primêre produksiekoste
- D. bokoste / oorhoofse koste

1.13 Die volgende is redes vir kontantaanhouding in ? onderneming:

- (i) Transaksiemotief
- (ii) Kostemotief
- (iii) Koopmotief
- (iv) Spekulasiemotief
- (v) Voorsorgmotief

Kies die regte kombinasie.

- A. i, ii en iii
- B. i, iv en v
- C. ii, iii en iv
- D. ii, iii en v

1.14 Daar is geen wetlike vereistes ten opsigte van die naam vir die volgende ondernemingsvorm nie:

- A. Eenmansaak
- B. Privaat maatskappy
- C. Beslote Korporasie
- D. Publieke maatskappy

1.15 Wanneer ? persoon ? lewenspolis uitgeneem het by ? versekeraar mag hy/sy die polis skriftelik oordra aan ? finansiële instelling as sekuriteit vir ? lening.
Dit staan bekend as _____.

- A. herinbesitstelling
- B. sedering
- C. getrouheidswaarborg
- D. sekuriteitstelling

1.16 Wanneer ondernemings nie dieselfde produkte lever nie, saamsmelt (amalgameer) staan dit bekend as _____ samesmelting / amalgamasie.

- A. horisontale
- B. vertikale
- C. konglomeraat
- D. gelyke

1.17 Eenheidskoste is oor die algemeen die laagste in die geval van _____.

- A. bondelproduksie
- B. onderbroke produksie
- C. produksie op bestelling
- D. massaproduksie

1.18 Die sistematische ontleding van bestaande produksiemetodes om doeltreffender metodes te vind, is bekend as _____.

- A. metodestudie
- B. prosesbeplanning
- C. kwaliteitskontrole
- D. produkspesifikasies

1.19 Watter **een** van die volgende advertensietegnieke word as oneties beskou?

- A. Gebruikmaking van beskrywende woorde
- B. Die gebruik van komiese slagspreuke
- C. Om die produk as die beste te beskryf
- D. Om valse bewerings oor ? mededinger se produkte te maak

1.20 Die invordering van agterstallige rekenings (skulde) is die taak van die _____.

- A. hoofbestuurder
- B. kredietafdeling
- C. verkoopafdeling
- D. personeelbestuurder

1.21 Watter ondernemingsvorm beskik NIE oor ? eie regspersoonlikheid nie?

- A. Eenmansaak
- B. Beslote Korporasie
- C. Publieke maatskappy
- D. Privaat maatskappy

1.22 Watter tipe agent is geregtig op "del-credere"-kommissie?

- A. Verkoopagent
- B. Inkoopagent
- C. Makelaar
- D. Kommissie-agent

1.23 Werkstudie bestaan uit twee aanvullende en interafhanklike komponente, naamlik _____.

- A. prosesontleding en werkmeting
- B. winsontleding en metodestudie
- C. werkmeting en metodestudie
- D. werkmeting en winsontleding

1.24 Toleransiegrens verwys na _____.

- A. betroubare inspeksiemetodes
- B. die getal inspeksiepunte
- C. aanvaarbare afwykings van gestelde standaarde
- D. die getal inspeksies per inspeksiepunt

1.25 Wanneer ? finansiële instelling onderneem om die minimum inskrywing van ? nuwe publieke maatskappy te waarborg staan dit bekend as _____.

- A. likwidasie
- B. notering
- C. onderskrywing
- D. ouditering

1.26 Wanneer ? nuut geregistreerde publieke maatskappy ? prospektus uitreik, moet die minimum inskrywing binne _____ dae na die eerste uitreiking ontvang word.

- A. 150
- B. 60
- C. 30
- D. 90

1.27 Krediet op ? gewone ope rekening vereis _____.

- A. ? lewensversekeringspolis as sekuriteit
- B. ? verband op vaste eiendom as sekuriteit
- C. geen sekuriteit nie
- D. ? afbetalingsverkoopooreenkoms as sekuriteit

1.28 Bokoste word soos volg saamgestel:

- A. Vaste koste plus veranderlike koste
- B. Totale koste minus arbeidskoste
- C. Indirekte grondstofkoste plus direkte arbeidskoste
- D. Direkte grondstofkoste plus direkte arbeidskoste

1.29 Gesag kan gedelegeer word, maar nie _____ nie.

- A. bestuur
- B. administrasie
- C. verantwoordelikheid
- D. begrotings

1.30 Die grondwet (konstitusie) van ? maatskappy bestaan uit die _____.

- A. prospektus en akte van oprigting
- B. statuut en sertifikaat van inlywing
- C. sertifikaat om met besigheid te mag begin en sertifikaat van inlywing
- D. akte van oprigting en statuut

30x2=[60]

Al die ondergenoemde stellings is ONWAAR. Vervang die onderstreepte woord(e) met die korrekte woord om elke stelling WAAR te maak. Skryf net die woord(e) langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

1.31 ? Venootskap moet ? Stigtingsverklaring voltooï om die onderneming te registreer.

1.32 Goedere wat die verbruiker sonder veel inspanning en huiwering aankoop, staan bekend as spesialiteitsgoedere.

1.33 Verspreidingskanale vir produkte eindig by die kleinhandelaar.

1.34 ? Kontantbegroting word opgestel om die vaste kapitaalbehoeftes van die onderneming te bepaal.

1.35 Stigtersaandele word gratis aan aandeelhouers uitgereik indien daar voldoende reserwefondse beskikbaar is.

1.36 Persone wat hulself skriftelik aan die skuldeiser verbind om ? skuldenaar se skuld te betaal indien die debiteur nie in staat is om te betaal nie staan bekend as ? verband.

- 1.37 Banke kan inligting oor voornemende debiteure se kredietwaardigheid verskaf aan ondernemings. Dit word gedoen deur middel van ? swartlys.
- 1.38 Die subrogasieklosule in ? versekeringspolis bepaal dat ? volledige stel boeke na werksure veilig bewaar moet word om die omvang van die skade te kan bepaal indien daar skade plaasgevind het.
- 1.39 Stukproduksie geskied op ? taak-vir-taak-basis.
- 1.40 Waarneming as ? taak van die administratiewe afdeling beteken die aanteken van inligting volgens goedgekeurde stelsels en voorskrifte. 10x2=(20)

Kies uit die volgende lys ? begrip wat die beste by elke stelling pas. Skryf die begrip langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

Beplassing; Privaat maatskappy; Besluitneming; Beslote Korporasie; Lewensiklus; Informele sektor; Franchise; Obligasies; Afnemerskrediet; Reklame; Sekuriteitstelling; Goeie trou; Funksionele; Publisiteit

- 1.41 ? Metode wat publieke maatskappye kan gebruik om geleende kapitaal te bekom
- 1.42 ? Deel van die besigheidswêreld waar entrepreneurs vir hulself werk skep deur byvoorbeeld groente, sonbrille, selfoonsakkies, ens. op sypaadjes en vlooimarkte te verkoop
- 1.43 ? Vorm van krediet waar persone vooruit moet betaal vir ? diens
- 1.44 Een van die bykomende elemente van die bestuursfunksie
- 1.45 ? Ondernemingsvorm wat bestaan uit ? minimum van 1 en ? maksimum van 50 eienaars (aandeelhouers)
- 1.46 By hierdie tipe organisasiestruktuur mag voormanne / toesighouers ook opdragte en leiding gee aan werkers wat onder **ander** voormanne / toesighouers se gesag geplaas is
- 1.47 Nuus wat op die massamedia bekend gemaak word waarvoor die onderneming nie betaal nie
- 1.48 Een van die beginsels waarop versekering berus
- 1.49 ? Besigheidsgleentheid waar die koper van die onderneming die besigheid volgens voorgeskrewe reëls moet bestuur. Die nodige personeelopleiding word ook aan die koper verskaf.
- 1.50 ? Metode van bemarkingskommunikasie wat op ? onpersoonlike wyse aan die massa gerig word en waarvoor die onderneming moet betaal 10x2=(20)

TOTAAL VIR AFDELING A: [100]

b.o.

VRAAG 2
ONDERNEMINGSVORME

- 2.1 Voltooи die volgende met betrekking tot **Beslote Korporasies** deur die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer te skryf.
- 2.1.1 Om hierdie ondernemingsvorm te regstreer moet ? _____ voltooи word.
- 2.1.2 Die minimum getal lede wat volgens die betrokke wet vereis word, is (a) _____ en die maksimum is (b) _____.
- 2.1.3 Die lede het _____ aanspreeklikheid. (6)
- 2.2 Tshimane en Naledi besluit om hul kapitaal saam te voeg en ? vennootskap te stig. Noem VYF nadele van vennootskappe. (10)
- 2.3 Noem VYF voordele van ? privaat maatskappy. (10)
- 2.4 Gee ? woord(e) vir elk van die volgende omskrywings:
- 2.4.1 ? Maatskappy wat ten minste 51% van die uitgereikte kapitaal van ? ander maatskappy besit
- 2.4.2 Houers van hierdie tipe aandele mag ook deel in die surplus wins nadat alle aandeelhouers dividende ontvang het
- 2.4.3 Persone wat deur die aandeelhouers verkies word om verantwoordelikheid vir die bestuur van die maatskappy te aanvaar
- 2.4.4 Wanneer twee of meer ondernemings wat presies dieselfde produk / diens lewer, amalgameer (8)
- 2.5 Bespreek kortliks die volgende twee dokumente, sonder verwysing na die inhoud daarvan.
- 2.5.1 Akte van oprigting (4)
2.5.2 Statuut (2)
- [40]

VRAAG 3
BEMARKINGSFUNKSIE

- 3.1 Die bemarkingsbestuurder moet die verskillende beleidsinstrumente in ag neem om die doelwitte van die onderneming te bereik. Noem hierdie VIER beleidsinstrumente. (4)
- 3.2 Noem DRIE voordele van die informele sektor. (6)
- 3.3 Noem enige VYF beginsels wat toegepas moet word wanneer ? advertensie ontwerp word. (10)
- 3.4 Noem VIER vereistes waaraan goeie verpakking moet voldoen. (8)
- 3.5 Verduidelik die rol van die verkoopagent in die verspreidingsketting. (8)
- 3.6 Verduidelik die volgende: Die “lewensiklus” van ? produk. (4)
[40]

VRAAG 4
FINANSIELLE FUNKSIE

- 4.1 Voltooi die volgende sin(ne) deur die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer te skryf.
- 4.1.1 ? Onderneming is _____ wanneer daar onvoldoende fondse beskikbaar is om die normale bedrywigheide bevredigend voort te sit.
- 4.1.2 Die _____ is die deel van die totale kapitaal van die besigheid wat belê word in vaste bates soos grond en geboue.
- 4.1.3 Die verhouding tussen eie en geleende kapitaal staan bekend as _____.
- 4.1.4 Faktorering van debiteure is ? bron van _____ kapitaal.
- 4.1.5 Die _____ mark ontvang fondse van beleggers en leen dit uit oor die lang termyn aan ondernemings. (10)
- 4.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien die stelling ONWAAR is, moet die foutiewe onderstreepte woord met die korrekte woord vervang word.
- 4.2.1 Die kapitaalbegroting bepaal die bedrag geld wat die onderneming benodig vir bedryfskapitaal.
- 4.2.2 Obligasies / skuldbriewe is ? voorbeeld van geleende kapitaal.
- 4.2.3 Ondernemings moet kontant beskikbaar hê vir spekulasié- en beleggingsdoeleindes. 3x2=(6)

- 4.3 Noem VIER bronse van inligting rakende die finansiële status van ? voornemende kredietkoper. (8)
- 4.4 Noem DRIE vorme van sekuriteit wat krediteure mag vereis wanneer ? persoon aansoek doen om ? lening. (6)
- 4.5 Lys VYF faktore wat die bedrag wat benodig word vir bedryfskapitaalbehoeftes deur ? onderneming bepaal. (10)
[40]

VRAAG 5 VERSEKERING

- 5.1 Noem en verduidelik die TWEE basiese vereistes waaraan ? versekeringskontrak moet voldoen. (14)
- 5.2 Noem VIER risiko's wat nie versekerbaar is nie. (8)
- 5.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien die stelling ONWAAR is, moet die foutiewe onderstreepte woord met die korrekte woord vervang word.
- 5.3.1 Versekering van geld in transito dek die diefstal van geld tussen die onderneming en die bank.
 - 5.3.2 Die hoofdoel van lewensversekering is om sekuriteit te verskaf vir alle mense. (4)
- 5.4 Skryf die formule neer om skadevergoeding te bepaal wanneer ? bate onderverseker is. (4)
- 5.5 Wat is die doel van
- 5.5.1 herverseker? (4)
 - 5.5.2 die Padongelukke-fonds? (4)
 - 5.5.3 sedering van ? polis? (2)

[40]

**VRAAG 6
PRODUKSIEFUNKSIE**

- | | | |
|-----|---|------|
| 6.1 | Omskryf die term massaproduksie . | (4) |
| 6.2 | Noem VIER voordele van onderbroke produksie. | (8) |
| 6.3 | Omskryf DRIE faktore wat die kwaliteitbeheer van ? produk kan beïnvloed. | (6) |
| 6.4 | Om werkers teen brandgevare te beskerm is daar in die Fabrieksveiligheidswetgewing voorsiening gemaak vir sekere regulasies in dié verband. Noem VIER van hierdie regulasies. | (8) |
| 6.5 | Noem VYF voordele wat die korrekte fabrieksuitleg vir ? onderneming inhou. | (10) |
| 6.6 | Noem TWEE voordele van doeltreffende produksiebeplanning vir ? handelaar. | (4) |
- [40]**

**VRAAG 7
ADMINISTRATIEWE FUNKSIE / DIE ONDERNEMING EN SY
OMGEWING**

- | | | |
|-------|---|------|
| 7.1 | Omskryf kortliks die volgende begrippe: | |
| 7.1.1 | Data | (2) |
| 7.1.2 | Inligting | (2) |
| 7.1.3 | Bestuursinligting | (2) |
| 7.2 | Noem VIER take van die administratiewe funksie. | (8) |
| 7.3 | Noem VIER nadele van gedesentraliseerde administrasie. | (8) |
| 7.4 | Noem VYF dienste wat Sakekamers aan hul lede lewer. | (10) |
| 7.5 | Noem VIER dienste wat die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde bied. | (8) |
- [40]**

**VRAAG 8
FUNKSIE VAN ALGEMENE BESTUUR**

- 8.1 Kies die korrekte term uit die volgende lys vir elk van die stellings wat volg:

Beplanning; Dissiplinêre aksie; Topvlak; Laervlak; Organisasie; Begroting; Koördinering; Delegering

- 8.1.1 Aanwending van strafmaatreëls om toekomstige gedrag te beheer

- 8.1.2 ? Proses waar die bestuurder na die toekoms kyk en planne beraam om sekere aksies suksesvol uit te voer
- 8.1.3 Voorlopige finansiële beraming van wat benodig sal word om die beplanning uit te voer
- 8.1.4 Hierdie bestuursvlak is verantwoordelik vir die neem van operasionele besluite wat daarop gemik is om die ondernemings so winsgewend as moontlik te maak
- 8.1.5 Verkryging van harmonie tussen verskillende afdelings met die mikpunt om die doelstellings van die onderneming te bereik 5x2=(10)
- 8.2 Bespreek die lynorganisasiestruktuur onder die volgende hoofde:
- 8.2.1 VIER voordele (8)
- 8.2.2 VIER nadele (8)
- 8.3 Noem VIER faktore wat besluitneming deur die bestuur beïnvloed. (8)
- 8.4 Noem DRIE metodes van kommunikasie. (6)
- [40]**
- TOTAAL VIR AFDELING B:** **[200]**
- TOTAAL:** **300**